## Die geheim van die innerlike geesteslewe

**76** Na hierdie woorde van Cyrenius, buig Zorel hom so diep moontlik voor ons en gaan dadelik daarna weer na Johannes toe, wat hom opnuut vriendelik ontvang en hom vra hoe dit nou met hom gegaan het.

[2] Zorel sê: "Dit het met my buitengewoon goed gegaan, wat jy wel aan my klere kan sien, want as jy eenmaal in besit is van `n behoorlike hemp en toga en `n Griekse mantel van blou merino om jou skouers dra, dan gaan dit met jou, aards gesien, tog sekerlik uitstekend! Wat die geestelike welsyn en welstand ewenwel aanbetref, sê ek vir jou dat ek nog heel onbehaaglik voel! As Elohim wou gehad het dat ek geestelik net so nuut geklee moes loop soos wat ek nou liggaamlik is, dan sou dit seker met my beter gaan, maar dit sal nog sy tyd nodig hê!

[3] Vriend, één vraag kan jy my egter wel toestaan en dié lui: 'Julle is mense soos wat ek is, julle is van vlees en bloed en het dieselfde sintuie as ons almal. Jy het my egter bewyse gegee van `n geesteskrag wat alles wat ek tot op hede meegemaak het, hemelhoog en ver oortref! Nou is my vraag hoe jy daaraan gekom het. Wie het dit vir jou en jou vriende geleer? Hoe kom julle daaraan?'"

[4] Johannes sê: "Jy sal weinig daaraan hê as ek dit vir jou sou uitlê; maar as jy egter sal doen wat ek nou vir jou sal sê, sal jy die weg daartoe in jouself vind en jou ontwikkelde gees sal jou, gesterk deur Elohim se Gees, in alle Waarheid en Wysheid lei. As jy `n bepaalde kuns wil leer, moet jy na `n kunstenaar toe gaan en jou deur hom laat inwy in die kuns; dan volg die vlytige oefeninge ten einde jou die handgrepe sodanig eie te maak dat hulle volkome ooreenstem met dié van die meester, en dan sal jy net so `n kunstenaar wees soos jou meester.

[5] As jy wil leer dink, moet jy na `n filosoof toe gaan. Hy sal jou opmerksaam maak op oorsake en gevolge, en daardeur sal jy begin te dink en gevolgtrekkings maak en jy sal sê: 'Omdat water vloeibaar is, kan dit maklik beweeg word. Deur sy swaarte moet dit na benede in die dal stroom, omdat, volgens die algemene ervaring tot op hede, alles wat gewig het, as gevolg van `n aantrekkende krag uit die binneste van die aarde, hulleself ook altyd op die binneste van die aarde gerig het en dit sonder ophou sal bly doen volgens die onveranderlike wil van die Skepper wat alles in die hele natuur beheers.

[6] As die water in die see die diepste moontlike bedding bereik het, tree daar, betreffende verdere stroming wel `n rus in - maar op sigself bly dit tog altyd `n vloeibare liggaam; en as daar `n stormwind oor die wye oppervlak waai, bring dit die origens rustige oppervlakte van die water in `n golwende beweging, en hierdie golwe van die water is op sigself weer niks anders as `n strewe na rus van die vloeibare waterliggaam nie. Maar omdat niks anders so `n drang na rus het soos water nie, kan dit ook die maklikste en vinnigste uit die ewewig van sy rus gebring word.

[7] Daaruit volg uiteindelik die gevolgtrekking: 'hoe vloeibaarder `n liggaam is, des te meer rus soek dit; en hoe meer sy liggaamlike wese na rus streef, des te makliker kan sy rus versteur word. Maar hoe makliker die rus van `n elementêre liggaam versteur kan word, des te vloeibaarder moet dit wees. Uit hierdie voorbeeld sien jy hoe mens in `n filosoweskool begin om te leer dink en hoe mens gevolgtrekkings begin maak van oorsaak na gevolg en ook omgekeerd.

[8] Alle dergelike denke beweeg hulleself egter in `n sirkel waar dit nie uitkom en ook nie kan uitkom nie. Sulke gedagtes baat die mens dan ook weinig of niks met betrekking tot sy innerlike, geestelike welsyn, wil en denke nie. Maar soos wat jy jou die één of ander kuns slegs by `n kunstenaar, en `n ordelike, rasionele denke, slegs by `n filosoof eie kan maak, so sal jy die innerlike, geestelike denke slegs by `n gees, en wel by die alles deurdringende Gees van Elohim, in jouself kan leer. Dit beteken: 'slegs `n gees kan `n gees leer'; want een gees sien en herken die ander gees, soos wat die een oog die ander sien en besef dat dit `n oog is en hoe dit geaard is.

[9] Die gees is die innerlike gesigsvermoë van die siel, wat alles met sy lig deurdring omdat dit `n innerlike en daarom suiwer lig is. Daaruit sien jy nou hoe dit gaan met die leer van verskillende dinge, en hoe `n mens vir alles wat `n mens wil leer, altyd die geëiende leraar moet hê omdat `n mens andersins `n ewige knoeier sal bly. Maar dit kom dan ook baie daarop neer om, ook al het `n mens die allerbeste leraar gevind, alles presies en vlytig te doen wat die meester beveel of aangeraai het om te doen en te oefen.

[10] As die gees in jou ontwaak, sal jy sy stem waarneem soos helder gedagtes in jou hart. Daarna moet jy goed luister en jou in jou hele lewensfeer daarvolgens rig, dan sal jy daardeur jou eie gees `n steeds groter werkgebied verskaf en so sal die gees in jou groei tot die grootte van `n man en jou hele siel deurdring en daardeur jou hele materiële wese.

[11] Het jy in jouself by hierdie punt gekom, dan is jy ook net soos een van ons in staat om nie net dít te sien en te herken wat alle natuurlike mense met hulle sintuie kan sien en waarneem nie, maar ook die dinge wat vir die gewone mens onnaspeurlik is, soos wat jy dit by my ontdek het. Ek kon, sonder dat ek jou vroeër gesien of geken het, alles wat jy ooit êrens op hierdie aarde gedoen het en wat jy hóé verborge gehou het, haarfyn vertel.

[12] Nou het ek jou slegs `n klein voorsmakie gegee van die feite, sodat jy kan sien en besef hoe dit gesteld is met die geestelike dinge. Maar aan dit alles het jy nog weinig of niks nie; jy moet nou verneem wat jy moet doen om jou gees te ontwikkel. Ek is egter nog lank nie geregtig om dit vir jou uit te stippel nie, maar dít is wel `n ander een wat ook by ons is en wie se hele wese volkome deurdronge is van Elohim se Gees. Hy sal jou eers die weg van die Waarheid wys en omdat Hy Self Gees der geeste is, sal Hy deur jou vlees teen jou gees roep: 'Ontwaak in die liefde tot Elohim en daaruit tot jou broers, in die Naam van Hom wat ewig

was, is, en ook ewig sal wees!' - En sê my nou wat jy dink van alles wat ek jou nou vertel het!"

### Zorel se besluit om hom te verbeter

**77** Zorel sê: "Ek vind die les wat jy my nou gegee het baie wys, waaragtig en goed. Dit moet alles gewis so wees, anders sou jy my nie my mees verborge dade soos uit `n boek kon voorlees nie. Dit is dus seker dat die mens as mens `n nouliks voor te stelle volmaaktheid kan verwag, en hierdie oortuiging gee my tans die meeste voldoening. Ek verlang ook glad nie na `n volmaaktheid soos wat ek dit nou by jou waargeneem het nie, om by ander soortgelyke geleenthede arme sondaars hulle begane sondes voor te stoot nie, maar ek sou dié toestand wou bereik ter wille van die menslike volmaaktheid self, om myself daardeur `n ware troos vir die lewe te besorg en my so in stilte oor myself te verheug! Ek wil nooit leraar of die een of ander regter wees nie, ook al is dit hóé sagsinnig; as volmaakte mens wil ek slegs diensbaar wees, sodat geen mens in die vervolg deur my domheid enige nadeel sal ondervind nie.

[2] Dit is die enigste beweegrede waarom ek verlang om jou volmaaktheid te bereik. Laat die eise wat daardeur aan my lewe gestel word, wees wat dit wil, ek sal dit sekerlik nakom, want as ek iets wil, is geen offer vir my te swaar nie! Dit word gebring, selfs ten koste van my liggaamlike lewe! Want watter waarde kan `n lewe hê as dit uit enkele onvolmaakthede opgebou is?! Met die onvolmaaktheid kan `n mens niks volmaak bereik nie - waarlik, na iets onvolmaak verlang ek beslis nie meer nie!

[3] Jy sê egter dat `n ander mens, vol van die Gees van Elohim, my oor dit wat ek moet doen, sal leer; jy ken hom - wys hom aan, sodat ek na hom toe kan gaan en die middele kan vra vir die opwekking van my gees!"

[4] Johannes sê: "Dit is die Een wat jou vroeër na my verwys het! Gaan na Hom toe, Hy sal jou leer!"

[5] Zorel sê: "Sedert my ontwaking het ek reeds by myself die vermoede gehad dat hierdie timmermanseun uit Násaret, waarvan mense my vroeër vertel het, iets meer moet wees as maar net `n mens. Uiteindelik blyk dit dus waar te wees wat ek tot nou toe slegs vaagweg vermoed het! Dit is trouens uiters merkwaardig dat juis hierdie Mens vir my so baie bekend voorkom! Hoe het Hy tog so volmaak geword? Kan jy my iets daaroor vertel?"

[6] Johannes sê: "Daaroor kan ek jou niks anders sê nie as dat so `n vraag wel te vergewe is; maar eintlik sou dit net so iets wees asof jy sou vra hoe en op welke wyse Elohim se Wysheid en Mag so oneindig volmaak geword het. Elohim Self het Hom uitgekies as Sy liggaamlike woonplek! Dít is die groot barmhartigheid wat deur hierdie Gekosene tot alle volke gekom het. Die menslike wat jy aan Hom sien, is in `n sekere sin die Seun van Elohim, maar in Hom woon die Gees van Elohim in Sy volheid!

[7] In daardie geval kan `n mens tog nie vra hoe Hy aan so `n oneindige volmaaktheid gekom het nie! Dit wat Hy nou is en ewig sal wees, was Hy reeds in die moederliggaam. Hy het wel al die suiwer menslike meegemaak, behalwe die sonde wat die mense altyd in `n mindere of meerdere mate begaan, maar tot Sy geestelike volmaaktheid het dit niks bygedra nie omdat Hy reeds van ewigheid af volmaak was. Hy het, en doen steeds alles egter enkel en alleen sodat alle mense `n volmaakte voorbeeld aan Hom sou hê om Hom, wat die Oergrond en Oermeester van al wat is en lewe, daarin na te volg.

[8] Nou weet jy ook met Wie jy te doen het. Gaan daarom na Hom toe, sodat Hy jou die ware weg sal toon volgens jou gees, wat hom in jou bevind as die suiwere liefde tot Elohim, en deur jou gees of deur jou liefde die weg tot Hom, wat te midde van ons vertoef as die ware Verlosser van alle mense wat ooit op hierdie aarde geleef het, nou lewe en in die toekoms sal lewe.

[9] As jy egter na Hom toe gaan, gaan dan in die liefde van jou hart na Hom toe en nie suiwer verstandelik nie! Want slegs deur die liefde kan en sal jy Hom win en Hom ook in Sy goddelikheid verstaan; maar met die verstand sal jy ewiglik niks bereik nie! Want slegs die rein liefde is in staat om altyd toe te neem, terwyl die verstand grense het wat dit nooit sal kan oorskry nie. Maar die liefde van die mens tot Elohim is, soos wat gesê is, in staat om ewig toe te neem, en hoe kragtiger die liefde tot Hom in jou sal word, des te ligter sal dit ook in jou hele wese word! Want die rein liefde tot Elohim is `n lewende vuur en `n stralende lig. Wie in hierdie lig wandel, sal die dood in der ewigheid nie sien nie, soos wat Hy Self gesê het. - En nou weet jy al behoorlik baie; wek jouself op in jou hart en gaan na Hom toe!"

[10] Hierna weet Zorel egter uit eerbied skaars wat hy moet dink en doen. Want hierdie laaste mededeling laat hom geen twyfel oor die volkome aanwesigheid van Elohim in My nie en daarom word hy deur die steeds groeiende eerbied al hoe moedeloser en banger. Na `n tyd van diep nadenke, sê hy: "Vriend! Hoe meer ek jou woorde oordink en bedink, hoe moeiliker word dit vir my om na Hom toe te gaan om Hom, terwyl ek Sy barmhartigheid die minste waardig is, te vra of Hy Self vir my die verligte weg wil wys na die lewe! Dit is, op die man af gesê, vir my nou byna onmoontlik om na Hom toe te gaan, want daar stroom vir my uit Hom `n bepaalde gewydheid tegemoet wat altyd maar vir my sê: 'Gaan terug, onwaardige! Doen eers jarelange boete en kom dan eers om te sien of jy die soom van My kleed kan aanraak!' Sê my waar dié buitengewone vrees vandaan kom wat my hele wese deurdring!"

[11] Johannes sê: " Dit is goed so; die ware liefde tot JaHWeH Elohim moet altyd voorafgegaan word deur die nederigheid van die hart! **As dit nie die geval is nie, kom die liefde nooit as te nimmer waaragtig en lewend te voorskyn nie.** Behou nog selfs die egte roumoedigheid vir Hom in jou hart! Maar as Hy jou roep, aarsel dan nie langer om so vinnig as moontlik na Hom toe te gaan nie!"

[12] Na hierdie woorde word Zorel innerlik ietwat rustiger, maar dink tog diep daaroor na hoe goed en salig dit nou sou wees om sonder sonde voor die mees Heilige te kom.